

KONINKRYK.

LES 5

1	GEBED
----------	--------------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] DEUTERONOMIUM 4 – 7
----------	-------------------------	--

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Deuteronomium 4 - 7). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute)	[DIE KONINKRYK VAN GOD] (5) DANIËL 2:44
----------	--------------------------------	--

Herhaal twee - twee

(5) Die triomf van die Koninkryk. Daniël 2:44. In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryke (Aramees: malikuta') plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan.

4	ONDERRIG (85 minute)	[DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE BOERE EN DIE WINGERD
----------	-----------------------------	---

“Die gelykenis van die boere en die wingerd”¹ in Matteus 21:33-41 is 'n gelykenis oor **DIE BOODSKAPPERS IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“n Gelykenis” is 'n aardse verhaal met 'n hemelse betekenis. Dit is 'n lewensgetroue verhaal of 'n illustrasie wat ontwerp is om 'n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

Lees Matteus 21:33-46, Markus 12:1-12; Lukas 20:9-19.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die grondbesitter en sy land. Die grondbesitter het 'n wingerd geplant. Daar was niks nie en dus moes hy alles van die grond af opbou voordat hy enige wins kon verwag. Hy het wingerdstokke geplant, 'n muur om die wingerd gebou, 'n parskuip uitgekap en 'n wagtoring gebou. Die muur moes diewe en wilde diere uithou. Die parskuip het bestaan uit twee gate in die grond wat uitgelê is met klippe of hy is uit één groot klip gekap. Die boonste gat was wyd en vlak. Die ryp druiwe is daarin gegooi en met die voete getrap (Jesaja 63:2-3). Die druiwesap vloei deur 'n pyp of oor 'n laer randtjie na die dieper gat toe. Dié gat was nou en diep. Nadat dit afgeloop het, is die sap in groot vate (Haggai 2:16) gegooi om te gis en wyn te word. Die wagtoring is gebou van al die klippe wat voorheen op het stuk land gelê het (Jesaja 5:2). 'n Wag is aangestel om te waarsku as daar diewe, jakkalse en klein jakkalse is (Hooqlied 2:15). Die wagtoring is ook as voorraadskuur gebruik. Die eienaar het die wingerd net vir homself gebou.

Die huurders en die ooreenkoms met die eienaar. Die eienaar het die wingerd aan boere verhuur, wat gewerk het vir een deel van die oes. Die ooreenkoms was om 'n deel van die oes as huur aan die eienaar te betaal (Matteus 21:34; Markus 12:2; Lukas 20:10). Die huurders was nie die eienaars van die wingerd nie!

¹ AOV “landbouers”.

Die slawe. As die oestyd aanbreek, het die eienaar sy slawe gestuur om sy deel van die oes in ontvangs te neem. Hulle het op gesag van die eienaar gehandel en gekom om sy aandeel te ontvang.

Die verhaal gaan verder as die grense van redelikheid. Hierdie boere (landbouers, huurders) was sleg, oneerlik en wreed. Hulle het nie gehoor gegee aan dit wat die eienaar met hulle afgespreek het nie. Hulle het die slawe van die eienaar mishandel: die een is geslaan, 'n andereen is doodgemaak en 'n derde is met klippe doodgegooi. Dit was 'n ernstige belediging vir die eienaar en terselfdertyd 'n verwerping van die eienaar. Mens sou verwag dat die eienaar hierdie huurders onmiddellik hard sou straf. Maar die verhaal neem 'n onverwagte wending. Die eienaar het besluit om die huurders nog 'n kans te gee en het nog ander slawe gestuur. Uiteindelik is hierdie slawe ook mishandel!

Dan bereik die verhaal 'n dramatiese klimaks: die eienaar stuur sy eie seun, wie eintlik die erfgenaam was. Markus 12:6 sê, "Hy het toe nog een seun gehad, sy geliefde, en hom die laaste na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien." Buiten sy eie seun was daar niemand anders wat hy kon stuur nie! Dit was die laaste woord van die eienaar aan die huurders! Die eienaar het geweet dat die boere sleg, oneerlik en wreed was. Tog stuur hy sy enigste en geliefde seun na hulle toe!

Die sonde van die slegte boere was baie onredelik en tog was die liefde van die eienaar heeltemal onverstaanbaar! Ondanks die feit dat die huurders die regte van die eienaar so brutaal vertrap het, het hy hulle nog één kans gegee. Ondanks die feit dat hulle sy slawe mishandel en doodgemaak het, het hy sy enigste en geliefde seun gestuur. Die verhaal kan die grense van redelikheid oortree, omdat die 'n verhaal van 'n gelykenis is.

Wat die slegte boere (huurders) met die seun gedoen het, was nie impulsief nie, maar met voorbedagte rade. Hulle het 'n komplot gesmee om hom te vermoor en so die wingerd in die hande te kry. Was hulle regtig so dom om te dink dat hulle op hierdie manier die wingerd in die hande sou kry, omdat die eienaar nog leef en beslis onmiddellik sou kom om hulle swaar te straf! Vergelyk dit met Psalm 2:1-4, waar die konings van die aarde 'n komplot teen God en sy Gesalfde smee. Maar God in die hemel lag!

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die "verhaal" van die gelykenis kan bestaan uit "die agtergrond" en "die uitleg of toepassing" van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die aanleiding tot die gelykenis staan in Matteus 21:1-32.

Hierdie Bybelgedeelte is 'n onderdeel van die laaste week vóór die kruisiging van Jesus Christus.

Die tempelreiniging (Matteus 21:12-17). Hierdie week begin die sondag met die triomfantelike intog van Jesus Christus in Jerusalem te midde van 'n groot skare mense wat geskree het dat Hy die verwagte Messias was (Matteus 21:1-11). Daarna het Jesus Christus die tempel 'n tweede keer gereinig. (Vergelyk die eerste tempelreiniging in Johannes 2:13-16). Hy het alle mense wat van die tempel 'n mark gemaak het, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars omgekeer. Die owerpriesters, die Skrifgeleerdes en die ouderlinge van die volk was hieroor verontwaardig en het 'n komplot gesmee om Jesus Christus dood te maak. Maar hulle kon geen manier vind om Hom dood te maak nie, omdat die mense in die skare aan sy lippe gehang het (Markus 11:18; Lukas 19:47-48). Hy het alle blindes en kreupeles wat na Hom toe gekom het in die tempel genees. Die kinders in die tempel het geroep dat Jesus Christus "die Seun van Dawid", d.w.s. "die Messias" was, maar die owerpriesters en Skrifgeleerdes was verontwaardig dat Jesus dit nie wou ontken het nie!

Die verdroogde vyeboom (Matteus 21:18-20). Op Maandag was Jesus honger en het 'n vy aan die vyeboom langs die pad gesoek, maar Hy het niks gevind nie behalwe blare. Toe het Hy vir die boom gesê "Jy sal in der ewigheid nooit weer vrugte dra nie!" Toe hulle op die Dinsdag daar verbygaan, was die vyeboom van die wortels af verdroog (Markus 11:20). Jesus was nie kwaad vir die vyeboom nie. Die gebeure het 'n dieper betekenis. Die gelykenis van die slegte boere gee hierop 'n antwoord.

Die gelykenis van die twee seuns (Matteus 21:28-32). Die dag het Jesus die mense onderrig en die evangelie by die tempel verkondig (Lukas 20:1). Die owerpriesters en Skrifgeleerdes saam met die oudstes het sy bevoegdheid om die evangelie van die koninkryk in die tempel te verkondig bevraagteken. Maar omdat hulle geweier het om die bevoegdheid van Johannes die Doper te erken, het Jesus ook geweier om vir hulle te sê met watter bevoegdheid Hy hierdie dinge gedoen het. Toe vertel Hy vir die mense die gelykenis van die twee seuns, waarin die verwerping van Johannes die Doper deur die leiers van Israel benadruk is.

Die verset van die leiers van Israel en hulle volgelinge. Dit is dus duidelik dat die weerstand van die owerpriesters, Skrifgeleerdes en oudstes van Israel teen Jesus Christus die agtergrond is vir die gelykenis van die slegte boere. Die volk Israel was verdeeld oor Jesus Christus. Baie gewone mense in Israel was baie beïndruk met sy onderrig. Maar die leiers van Israel en hulle volgelinge het Jesus Christus as die Messias verwerp, en het sy wonderwerke beskou as die

werk van die satan en het Hom verwerp as verkondiger en leraar van die evangelie. Hulle was al besig om 'n komplot teen Hom te smee om Hom dood te maak (Johannes 11:53)!

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 21:33-41.

Twee punte vra verdere uitleg:

Die betekenis van “uit die wingerd uitgegooi”. Terwyl Matteus en Lukas sê dat die seun van die eienaar eers uit die wingerd gegooi is en toe doodgemaak is, sê Markus dat hy eers doodgemaak is en toe uit die wingerd gegooi is. Daar is eintlik geen verskil nie. Matteus en Lukas plaas die klem op die historiese volgorde, dat Jesus eers buite die poort van Jerusalem gelei is en toe gekruisig is (Hebreërs 13:12). Maar Markus lê die klem op die feit dat hulle Hom op die *mees skandelikste manier doodgemaak het* deur Hom as 'n vervloekte buite die wingerd te gooi. Al drie Evangelies gebruik hierdie uitdrukking (“uit die wingerd uitgegooi”) as 'n teken van die verwerping van Jesus Christus deur die volk van Israel!

Die aanvanklike reaksie van die toehoorders. Onder die Jode het die leraars dikwels vrae aan hulle toehoorders gevra om hulle aandag en belangstelling in die onderwerp te bly hou. So het Jesus aan sy gehoor gevra, “As die eienaar van die wingerd terugkom, wat sal hy met daardie boere doen?” (Matteus 21:40). Sy luisteraars het bestaan uit baie owerpriesters, Skrifgeleerdes en oudstes van Israel en hulle het geantwoord, “Hy sal daardie slegte mense 'n vreeslike dood laat sterwe en die wingerd aan ander boere verhuur wat hom op die regte tyd sy deel van die oes sal gee.” (Matteus 21:41). Met die antwoord het die toehoorders hulleself veroordeel! In die toepassing het Jesus die mense wat die antwoord gegee het, veroordeel (Matteus 21:43)!

Vergelyk dit met hoe die profeet Natan koning Dawid gekonfronteer het met sy sonde van owerspel in 2 Samuel 12:1-12: Eers het Natan 'n gelykenis/verhaal vertel (vers 1-4). Dan volg die verontwaardigde reaksie van koning Dawid (vers 5-6). Uiteindelik kom die uitleg en toepassing van Natan: Dawid se veroordeling is op sy eie kop uitgestort, “U is die man!” (vers 7-12). Terwyl Natan die gelykenis vertel het, het Dawid gedink Natan vertel hom van iemand anders. So het die geestelike leiers van Israel en hulle volgelingen nie verstaan dat Jesus met hierdie gelykenis op 'n verborge manier oor hulle gepraat het nie!

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 21:42-44.

Jesus het die geestelike leiers van Israel, wat sopas die goeie antwoord aan Hom gegee het, “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword. (Psalm 118:22-23). Dit is deur die Here gedoen en is 'n wonder in ons oë! Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggenem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.” Die Evangelie van Lukas voeg hieraan toe, “Elkeen wat op hierdie klip val, sal verpletter word; elkeen op wie hy val, sal hy vermorsel” (Lukas 20:18; sien Daniël 2:44-45).

“Die klip” verwys na verskillende entiteite in die Ou én in die Nuwe Testament.

Die klip in die Ou Testament. In Psalm 118:22-23 is “die klip” 'n verwysing na Israel self. Die leiers en prominente mense van die volke rondom Israel het Israel verag en verwerp. Nietemin, is Israel die hoof van die volke in die sin dat die HERE sy verbond met Israel gesluit het en aan Israel sy wet gegee het. Dít het Hy met geen ander volk gedoen nie! Die ander volke ken nie eers die Wet van die HERE nie (Psalm 147:19-20).

Die klip in die nuwe Testament. In Matteus 21:43 het Jesus gewys hoe die profesie in Psalm 118:22-23 sy *uiteindelike vervulling* kry in die seun en erfgenaam van die eienaar van die wingerd, naamlik, in Homself! Jesus Christus is die Seun van God en die ware Israel (vergelyk Jesaja 41:8-14 en 43:1-7 met Jesaja 42:1-7 en 49:1-7)! Die volk van Israel het alleen betekenis in en deur Jesus Christus (sien Johannes 4:22; Handelingen 13:23; Openbaring 12:1,2,5). Wie Jesus Christus verwerp, behoort nie langer tot die ware Israel nie en wie Jesus Christus aanneem, behoort tot die ware Israel (d.w.s., tot die ware volk van God)! Jesus Christus Self is “die Klip” wat deur die owerpriesters, Skrifgeleerdes en oudstes van Israel verwerp is (Markus 8:31; 10:33). 'n Paar dae later sou hulle die volk van Israel lei om Jesus Christus te kruisig (Markus 15:10). Johannes 1:11 gaan dan letterlik in vervulling: “Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie.”

“Die Klip wat deur die bouers afgekeur is” het “die Hoeksteen” (ANV: die belangrikste klip in die gebou) geword. Die gekruisigde Jesus Christus sou triomfantelik uit die dood opstaan en die belangrikste Persoon in die groot heelal en in die menslike geskiedenis word!

Wat sou gebeur met die ou volk van Israel, d.w.s., met die ongelowige mense in Israel wat die Messias verwerp? Jesus Christus het gesê dat die Koninkryk van God van hulle weggenem sou word en gegee sou word aan 'n volk wat die vrugte van die koninkryk sou voortbring (Matteus 21:43). “Die koninkryk van God” beteken hier veral die spesiale voorregte en spesiale plek as “die volk van God”, wat Israel gedurende die Ou-Testamentiese periode geniet het (Romeine 9:4-5; Efesiërs 2:11-12). Dit beteken ook die geseënde woorde en verlossingswerk wat Jesus Christus as Messias volbring het en nou aan die begin van die Nuwe-Testamentiese periode aan Israel gebring het. Die koninkryk van God sou van die natuurlike volk van Israel weggenem word, omdat die volk van Israel nie aan hulle verpligtinge voldoen het nie. Van die eerste koms van Jesus Christus af sou die koninkryk van God nie meer beperk wees tot die Ou-Testamentiese volk van Israel nie, maar *uitgebrei* word om die gelowiges in alle ander volke op die aarde te omvat!

Die Ou-Testamentiese volk van Israel, soos hulle deur hulle geestelike leiers verteenwoordig word (vergelyk ook Romeine 5:12), was soos die slegte boere (landbouers, huurders). Die Eienaar van alles in die wêreld, die Koninkryk van God met al sy voorregte, is God die Vader. Hy het sy Enigste en Geliefde Seun, Jesus Christus, na sy wingerd in die wêreld gestuur, maar hulle het geweier om Hom te gee wat Hom toekom. “Die wingerd” verteenwoordig die volk aan wie God die voorregte en status as “volk van God” toevertrou het. Daarom sou God die Vader die Koninkryk gee aan ’n volk wat die gawes van God sou ontvang (Romeine 5:17) en wat die vrugte van die Koninkryk van God sou voortbring (Matteus 22:43). D.w.s., God die Vader sou al sy voorregte, voordele en geleenthede gee aan sy volk wat bestaan uit alle christen gelowiges uit alle volke van die hele wêreld! I.p.v. die Ou-Testamentiese volk van Israel as “volk van God” met al sy voorregte sou “’n nuwe volk van God” kom, die Kerk/Gemeente wat bestaan uit mense wat in Jesus Christus glo uit die Jode en die nie-Jode (heidene) (1 Petrus 2:4-10). In sy toepassing van hierdie gelykenis (Matteus 21:43) het Jesus Christus *die tweede persoon meervoud* gebruik (“julle”) en het sy toepassing gerig op sy direkte luisteraars!

Nét nadat Jesus die gelykenis toegepas het, kom die tweede reaksie van sy toehoorders (Matteus 21:45-46). Die geestelike leiers van Israel (die owerpriesters, Skrifgeleerdes en oudstes van het volk) (Matteus 21:15,23,45) besef toe dat Jesus Christus in hierdie gelykenis oor hulle praat! Hulle besef dat hulle en hulle volgelinge Jesus Christus verwerp het. Hoewel hulle Jesus Christus wil arresteer ten einde Hom te verhoor en ter dood te veroordeel, was hulle bevrees vir die skare omdat hulle Hom as ’n profeet gesien het. ’n Paar dae vantevore het ’n skare gewone mense Jesus Christus Jerusalem binnegelei as “die Seun van Dawid” (die Messias) en kinders het Hom in die tempel geprys as die Messias.

Maar selfs nou na alles het die skare mense Jesus Christus nie geëer vir wie Hy in werklikheid was nie: die Messias wat gekom het om sy lewe vir hulle af te lê as ’n soenoffer vir hulle sondes (Jesaja 53). Die skare het Jesus Christus maar net beskou as “die Profeet” (Deuteronomium 18:18) of as “die Koning” (Jesaja 9:6), die politieke Messias wat die volk van Israel sou bevry van die Romeinse juk (Lukas 23:2; Johannes 6:14-15; 18:36-37; 19:12; sien Handeling 1:6).

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Die wingerd. “Die wingerd” is ’n simbool vir Israel. Die gelykenis is duidelik gebaseer op Psalm 80 en Jesaja 5. Psalm 80:8-16 beskryf die uittog/eksodus uit Egipte as God wat ’n wingerdstok uit Egipte saamneem en in Palestina plant nadat Hy die goddelose volke daar uitgedryf het. Die wingerdstok het gegroei en versprei van die Middellandse See tot by die Eufraatrivier. “Die wingerdstok” is duidelik ’n simbool vir Israel, veral gedurende die tyd van koning Dawid en koning Salomo (1000 v.C.) (1 Konings 4:20-21).

Jesaja 5:1-7 beskryf die plant van ’n wingerd. Daar word ’n muur om hom gebou, ’n wagtoring en ’n parskuip daarin gebou. God het goeie vrugte van hierdie wingerd verwag. Maar omdat die volk van Israel net slegte vrugte voortgebring het, het God geprofeteer dat Hy die muur sou afbreek en sou toelaat dat die wingerd vertrap word en tot ’n wildernis vol dorings en distels sou word. “Die wingerd” is duidelik ’n simbool vir die volk van Israel, veral gedurende die periode van die profeet Jesaja (700 v.C.). Toe Israel later van God af weggedraai het, is die muur afgebreek, die oes gesteel, die wingerstokke uitgegrawe en met vuur verbrand. Dít *het begin* met die ballingskap van Israel na Assirië toe (722/21 v.C.) en die ballingskap van Juda na Babilon toe (587/586 v.C.) en *is voltooi* met die eerste koms van Jesus Christus. Dieselfde beeld van Israel word gevind in Jesaja 27:2-3; Jeremia 2:21; Esegiël 15:1-6; 19:10-14; en Hosea 10:1-2.

Die beeld van Israel as “’n wingerdstok” bereik sy uiteindelijke vervulling in Jesus Christus. In Johannes 15:1-6 sê Jesus, “Ek is die ware Wingerdstok ...julle (die dissipels van Jesus Christus) die lote/ranke. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos ’n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand” (sien Romeine 11:20-23). Jesus Christus is Self die ware Israel! Die volk van Israel het alleen betekenis in en deur Jesus Christus! Wie Jesus Christus verwerp, behoort nie langer aan die ware Israel nie (Hosea 1:9) en wie Jesus Christus aanneem, behoort aan die ware Israel (sien Galasiërs 6:12-16)!

God het geen einde gemaak aan die fisiese volk van Israel nie en Hy het die geestelike volk van Israel (d.w.s. die gelowiges in die volk van Israel) ook nie vervang deur die Kerk/Gemeente nie. God het s Ou-Testamentiese volk Israel (die gelowiges in die fisiese volk van Israel) voortgesit op ’n hoër vlak (vervulling van die skaduwees in die werklikhede) en uitgebrei (vergroot) om die gelowiges uit alle volke op die aarde in te sluit! Terwyl die fisiese volk van Israel as volk bly voortbestaan, sal die fisiese volk van Israel nie langer die sigbare volk van God meer wees nie! Romeine 9:6 sê, “Dit wil nie sê dat die woord van God nie meer geld nie. Immers, nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie; en nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik kinders van Abraham nie” (Romeine 9:6-7).

Nietemin verwys “die wingerd” in die gelykenis van die slegte boere nie na die fisiese en nasionale volk van Israel nie. “Die wingerd” verwys na die besondere voorregte, voordele, geleenthede en die status om tot God se uitverkore volk gedurende die Ou-Testamentiese periode te behoort. Hierdie ding is aan die volk Israel geskenk as die uitverkore saad (Genesis 12:3) en kragtens God se verbond met Israel (Genesis 22:17-18). Veral in die uitleg en toepassing (Matteus 21:43) maak Jesus duidelik dat Hy nie meer praat oor die ou verbondsvolk van God (Israel) nie, maar oor “die Koninkryk van God”. Jesus sê nie dat Hy “die wingerd” (die volk van Israel) aan ’n ander volk sou gee nie, maar dat Hy “die wingerd” (die Koninkryk van God) van die volk Israel sou wegneem en aan ’n ander volk sou gee. Hy sou die spesiale voorregte, voordele, geleenthede en status as behorende tot God se uitverkore volk van die fisiese en nasionale volk van Israel wegneem en aan ’n ander volk (die Gemeente wat bestaan uit Christen Jode en Christen nie-Jode) gee wat die vrugte van die Koninkryk van God sou lewer (Matteus 21:43). Dus is “die wingerd” in die gelykenis ’n essensiële en relevante detail.

Die eienaar van die wingerd. Deur die hele gelykenis is dit duidelik dat “die wingerd” (die spesiale voorregte van die Koninkryk van God) nooit aan die fisiese volk van Israel behoort het nie, maar altyd behoort het aan die Eienaar, wat in hierdie gelykenis God Self verteenwoordig! Gedurende die Ou-Testamentiese periode het God hierdie spesiale voorregte van die Koninkryk van God vir ’n periode toevertrou aan die fisiese volk van Israel om te beheer. Nou, by die eerste koms van Jesus Christus na die aarde toe, het God hierdie spesiale voorregte van die Koninkryk van God van die fisiese volk van Israel weggeëem en toevertrou aan God se Nuwe-Testamentiese volk (wat bestaan uit gelowiges/Christene uit die fisiese volk van Israel EN vanuit alle fisiese heidense volke) (Galasiërs 3:26-29; Efesiërs 3:4-6). Dus, is “die eienaar” in die gelykenis ’n essensiële en relevante detail.

Die slegte boere (landbouwers). In die uitleg of toepassing van die gelykenis maak Jesus Christus duidelik dat “die spesiale voorregte van die Koninkryk van God” van die fisiese volk van Israel, wat verteenwoordig was deur hulle geestelike leiers (die owerpriesters, Skrifgeleerdes en oudstens/ouderlinge) weggeëem is. “Die slegte boere” verteenwoordig die godsdienstige leiers van Israel saam met die Jode wat hulle gevolg het (d.w.s., alle ongelowiges in die fisiese volk van Israel). Die slegte boere verteenwoordig dus die fisiese (nie geestelike) volk van Israel as geheel. Die Evangelieskrywers Matteus, Markus en Lukas sê duidelik dat hierdie mense geweet het dat Jesus Christus na hulle verwys in die gelykenis. Dus, “die slegte boere (landbouwers, huurders)” in die gelykenis is ’n essensiële en relevante detail.

Die ander boere wat aan die eienaar die vrugte op hulle tyd sal gee. Volgens die uitleg en toepassing is “die ander boere” ’n ander volk wat die vrugte van die Koninkryk van God sou voortbring (Matteus 21:43). Die Koninkryk (d.w.s., die spesiale voorregte en status as God se uitverkore volk sou van die fisiese volk van Israel weggeëem word en aan ’n ander volk, ’n geestelike volk, gegee word). Jesus Christus begin hiermee om die Koninkryk aan sy dissipels en ander gelowiges in Israel (“sy klein kudde”) (Lukas 12:32) te gee. Van die eerste koms van Jesus Christus af vorm die Christene uit alle fisiese volke op die aarde saam die geestelike uitverkore volk van God. Wat God oor sy uitverkore volk gedurende die Ou-Testamentiese periode gesê het (Eksodus 19:6), sê Hy nou oor die Christelike Kerk/Gemeente in die Nuwe-Testamentiese periode (1 Petrus 2:9-10). “Julle, daarenteen, is ’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, ’n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God...”

By verre behoort die meeste van hierdie Christene van nature by die heidense volke. Van die eerste koms van Jesus Christus af, tot by sy wederkoms bestaan die geestelike volk van God uit Christene uit alle natuurlike volke op die aarde, insluitend Israel (Handelinge 15:14-18; Romeine 9:25; 2 Korintiërs 6:16; Galasiërs 3:26-29; Efesiërs 2:11-22; 3:4-6; Kolossense 3:11; 1 Petrus 2:4-10; Titus 2:14; Openbaring 21:3). Nie die natuurlike kinders van Israel nie, maar die wedergebore Christene wat die vrugte van die Koninkryk van God voortbring, is die werklike kinders van God of die volk van God (Romeine 9:6-16,24-29; Matteus 3:7-10; Handelinge 26:17-20). Dus, “die ander boere” in die gelykenis is ’n essensiële en relevante detail.

Die slawe. Die gelykenis lê nie uit wie hierdie “slawe” was nie, maar Jesus Christus verwys tog duidelik na die Ou-Testamentiese profete. Die profeet Elia moes vir sy lewe vlug voor Isebel (1 Konings 19:1-3). Die profeet Miga is in die gevangenis gegooi waar hy net van brood en water moes lewe (1 Konings 22:27). Die kerkvader Justinus die Martelaar beskuldig die Jode in sy boek “Dialog met Trypho” dat hulle die profeet Jesaja met ’n houtsaag middeldeur gesaag het (Hebreeërs 11:37). Die Jode het die profeet Jeremia aanhoudend mishandel en ’n komplot gesmee om hom dood te maak (Jeremia 11). Sy eie familie het hom verraai (Jeremia 12). Die Jode het nie geluister na Jeremia nie (Jeremia 18), maar het hom geslaan en hom in die blok in die boonste Benjaminpoort gesit (Jeremia 20). Alle valse priesters, profete en slegte amptenare (insluitend die koning) wou hom dood hê, omdat hy die waarheid gepraat het (Jeremia 26). Hulle het hom gearresteer, geslaan, en hom vir ’n baie lang tyd gevange gehou in ’n kerker (Jeremia 37). Hulle het hom selfs in ’n put met modder gegooi, waarin hy weggesak het (Jeremia 38). Die vroeë christelike tradisie vertel dat die profeet Jeremia deur Jode in Egipte gestenig is (Jeremia 43). Die profeet Esegiël is deur die Jode vervolgd en dit het hy ervaar asof hy “...stuit ... op weerstand, op dorings, ... sit ... op skerpioene.” (Esegiël 2:6). Hy het gesê dat God se verbondsvolk in die Ou Testament wel na sy woorde geluister het, maar hulle nie in die praktyk toegepas het nie (Esegiël 20:49; 33:31-32). Die profeet Amos moes vlug en sy profesieë op ’n ander plek uitspreek (Amos 7:10-15).

Jesus het die mishandeling van die profete saamgevat in Matteus 5:11-12, “Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg, en valslik alles wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.” In Lukas 6:22-23 sê Hy, “Geseënd is julle wanneer die mense julle haat en julle verstoot en uitskel en julle naam vermy soos iets wat sleg is, alles ter wille van die Seun van die mens. Wees bly op daardie dag en spring rond van vreugde, want vir julle is daar groot beloning in die hemel. Hulle voorvaders het immers met die profete net so gemaak.” En in Matteus 23:29-32,37 het Hy gesê, “Ellende wag vir julle, Skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars. ... Julle getuig teen julleself dat julle kinders is van die mense wat die profete doodgemaak het.... .. Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is! (Sien ook Lukas 11:47-51; 13:33-35; Johannes 12:36-43). Dus, “die slawe” van die eienaar in die gelykenis is ’n essensiële en relevante detail.

Die enigste seun en erfgenaam. In sy uitleg en toepassing van die gelykenis maak Jesus duidelik dat “die enigste en geliefde seun van die eienaar” Jesus Christus Self verteenwoordig. Hy is die Klip wat die bouers van Israel verwerp het. Hy is die belangrikste klip in die gebou: die Hoeksteen van ’n gebou of Sluitsteen van ’n poort! Verwysings na die Hoeksteen word gevind in Psalm 118:22-23, Jesaja 28:16; Matteus 21:42; Handeling 4:11; Romeine 9:33; Efesiërs 2:20 en 1 Petrus 2:6. Die hoeksteen van ’n gebou is ’n deel van die fondament waarop die hele gebou verder rus. Dit is die hoeksteen wat die twee hoofmure steun en die rigting van die hele gebou bepaal. Alle ander stene moet gerig wees op die hoeksteen.

Die verhouding van Jesus Christus tot die Kerk/Gemeente is die van ’n Hoeksteen. Deur sy heerlike opstanding, hemelvaart en troonsbestyging is Jesus Christus die Een wat verhewe is bo alles! Uit die hemel en deur sy Heilige Gees woon Hy in die harte van gelowiges, lei Hy hulle lewens en heers oor die heelal in belang van sy Kerk/Gemeente (sien Efesiërs 1:22). Lukas 20:18 voeg hieraan toe: “Elkeen wat op hierdie klip val, sal verpletter word en elkeen op wie hy val, sal hy vermorsel.” Mense wie oor Jesus Christus en sy woorde struikel, gaan verlore en sal in die laaste oordeel vermorsel word. Lukas 2:34 sê, “Hierdie Kindjie is bestem tot ’n val en ’n opstanding van baie in Israel en tot ’n teken wat weerspreek sal word.” Alle mense (die Jode ingesluit) wat Jesus Christus verwerp, gaan vir ewig verlore. En alle mense (die Jode ingesluit) wat in Jesus Christus glo, is vir ewig gered (verlos, bewaar). Dit is duidelik dat “die enigste seun en erfgenaam” in die gelykenis ’n essensiële en relevante detail is.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. *’n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om ’n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van ’n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die boere en die wingerd in Matteus 21:33-39 is ’n gelykenis oor “die boodskappers van God se Koninkryk”.

Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: “Ondanks die mees onredelike sonde van die fisiese volk van Israel teenoor God se onbegryplike liefde, uitgedruk in sy Enigste en Geliefde Seun, Jesus Christus, sal Jesus Christus triomfeer oor sy teenstanders en sy Koninkryk vestig soos dit voorspel word in Psalm 118:22-23”. Ondanks die hewige teenstand teen en verwerping van God se boodskappers, sal en kan God se doel om sy Koninkryk op die aarde te vestig nie faal nie!

Om te reageer op God se boodskappers is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God. Die ware burgers van die Koninkryk van God reageer positief daarop en is bereid om te leer. Hulle ontvang en aanvaar God se boodskappers, as byvoorbeeld verkondigers en leraars gedurende die Nuwe-Testamentiese periode, wat die boodskap getrou bring en die Bybel korrek uitlê. Bo alles ontvang hulle Jesus Christus as Verlosser en Koning in hulle hart en lewe!

“Die slegte boere” wat weier om aan die eienaar sy deel van die oes te gee, sy slawe mishandel het en sy enigste en geliefde seun doodgemaak het, verteenwoordig die fisiese volk van Israel gedurende die Ou-Testamentiese periode soos hulle deur hulle ongelowige leiers en volgelingen verteenwoordig is. Hulle verwerping van die Messias het gelei tot hulle verwoesting as die sigbare volk van God op aarde. God het “die wingerd” (die voorreg van die Koninkryk van God, God se volk op die aarde te wees) aan die fisiese volk van Israel toevertrou, maar die volk van Israel het God se profete mishandel en doodgemaak en ten slotte sy Enigste en Geliefde Seun, Jesus Christus, gekruisig. Daarom het God “die wingerd” aan ander mense gegee wat die vrugte van die Koninkryk sou voortbring. Die uitdrukking “ander mense” sluit nie alle Jode uit nie, maar sluit ook nie alle heidene in nie. Dit bestaan uit alle Christene uit die fisiese volk van Israel en uit die ander fisiese volke van die heidene.

Ons moet twee sake in gedagte hou:

Ten eerste. God het nie alle Jode wat tot die fisiese volk van Israel behoort het, verhard of verwerp nie. Volgens Romeine 9-11 het God vir Homself 'n "oorblyfsel" uit die fisiese volk van Israel gereserveer. Hierdie mense hoor die evangelie en sal gered (verlos) word (Romeine 10:17-18; 9:27). Alle Jode wat nie volhard in hulle ongeloof nie, sal verseker deel uitmaak van "die olyfboom" wat "die ware volk van God" verteenwoordig en wat bestaan uit alle gelowiges uit die Jode en die nie-Jode (Romeine 11:23).

Ten tweede. As God ongelowige Jode verwerp het, sal Hy ook ongelowige nie-Jode (heidene) verwerp. Daarom moet geen nie-Jood (heidene) neersien op Jode of selfs Jode vervolg nie! Hulle moet eerder bid vir die bekering van Jode en die evangelie aan Jode verkondig, soos hulle ook vir nie-Jode bid en die evangelie aan nie-Jode verkondig. Alleen God het die reg en die mag om sowel Jode as nie-Jode te oordeel of te red (verlos)! Sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament hou hulle nie besig met "ras" nie, maar met "die volk van God" (die Koninkryk van God), ongeag of die gelowiges uit die natuurlike volk van Israel of uit die natuurlike volke van die heidene kom.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

(1) Die vervloeking van die vyeboom.

Matteus 21:18-19. Kort voordat Jesus Christus die gelykenis van die slegte boere vertel het, was Hy honger en het Hy vrugte aan 'n vyeboom gesoek. Maar omdat Hy alleen maar blare en geen vrugte gevind het nie, het Hy die vyeboom vervloek (Markus 11:12-14). Die volgende dag was die vyeboom van die wortels af verdroog (Markus 11:20)! Jesus was nie kwaad vir die vyeboom nie. Hierdie gebeurtenis het 'n baie dieper betekenis wat deur die gelykenis van die slegte boere uitgelê word.

Die vyeboom het net blare gehad, maar geen vrugte nie. Lukas 13:6-9 sê dat hierdie "vyeboom" 'n simbool is van die baie bevoorregte volk van Israel. Net soos die vyeboom, het die volk van Israel gemaak asof hulle 'n baie vroom en heilige volk was wat baie offerandes na die tempel gebring het. Maar daarenteen het die Jode die tempel in 'n markplein verander, waar hulle diere verkoop het en geld gewissel het. Die leiers van Israel het 'n komplot gesmee om Jesus Christus te dood te maak. Maar sonder Hom het die offerandes in die tempel geen enkele sin nie! Die volk van Israel was druk besig met hulle religieuse aktiwiteite, maar daar was geen opregtheid en geen waarheid nie. Deur die vyeboom te vervloek wat die volgende dag verdor was, voorspel Jesus Christus die ondergang van die onvrugbare volk van Israel as "die volk van God". Jesus Christus het nie die Jode opsigself verwerp nie, maar het voorspel dat die Koninkryk van God nie langer geleë is in die fisiese volk van Israel nie. Van die eerste koms van Jesus Christus af, is die Koninkryk van God gevestig in God se Nuwe-Testamentiese verbondsvolk wat bestaan het uit gelowige Jode en gelowige nie-Jode (mense uit die heidense volke). In plaas van maar net "blare" sou hulle "die vrugte" van die Koninkryk van God voortbring (Matteus 8:11-12; 1 Petrus 2:4-10)!

(2) Die gelykenis van die twee seuns.

Matteus 21:28-32. Daar is bepaalde ooreenkomste en verskille tussen die gelykenis van die slegte boere en die gelykenis van die twee seuns. Wat die ooreenkomste betref: beide gelykenisse noem 'n wingerd en beide het die leiers van Israel en hulle volgelingen in gedagte wat deur Jesus Christus veroordeel word. Wat die verskille betref: die gelykenis van die twee seuns is baie korter en het minder besonderhede as die gelykenis van die slegte boere. Hoewel beide gelykenisse net één sentrale boodskap het, naamlik, in Matteus 21:40-43, lyk die gelykenis van die slegte boere meer na 'n allegorie as 'n gelykenis, omdat meer sake vergelyk word. Die gelykenis van die twee seuns lê die klem op die verwerping van Johannes die Doper deur die leiers van die Jode, maar die gelykenis van die slegte boere lê die klem op die verwerping van die Ou-Testamentiese profete en die Messias deur die hele volk van Israel. Daarom word die Koninkryk van God ook van die volk van Israel weggeneem en aan andere gegee wat die vrugte van die Koninkryk sou voortbring.

(3) Die gelykenis van die bruilof.

Matteus 22:1-14. Daar is bepaalde ooreenkomste en verskille tussen die gelykenis van die slegte boere en die gelykenis van die bruilof. Wat die ooreenkomste betref: beide gelykenisse beeld die geduld en voorsienige sorg van God in teenstelling met die ondankbaarheid van die Jode uit. Wat die verskille betref: die gelykenis van die bruilof lê die klem op die ernstige bestraffing van mense wat geen moeite wil doen ten opsigte van hulle verhouding met God nie en wat probeer om by God uit te kom sonder die vereiste bruilofsklere. Die gelykenis van die slegte boere lê die klem op die verwerping van ongelowige Jode en die roeping en aanneming van gelowige nie-Jode (heidene).

6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

(1) Die belangrike boodskap of sentrale les.

Die gelykenis van die slegte boere in Matteus 21:33-39 is 'n gelykenis oor “die boodskappers van God se Koninkryk” en die reaksie van die fisieke volk van Israel daarop.

Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: “Ondanks die mees onredelike sonde van die fisiese volk van Israel teenoor God se onbegryplike liefde uitgedruk in sy Enigste en Geliefde Seun, Jesus Christus, sal Jesus Christus triomfeer oor sy teenstanders en sy Koninkryk vestig soos voorspel in Psalm 118:22-23”. Ondanks die hewigste teenstand teen en verwerping van God se boodskappers, kan en sal God nie faal in die bereiking van sy doel om sy Koninkryk op aarde te vestig, nie! Die voorregte van die Koninkryk van God word gegee aan 'n volk wat die vrugte van die Koninkryk van God voortbring in elke volk op aarde.

(2) Die volk van Israel en die Christelike Kerk/Gemeente.

Gedurende die eerste koms van Jesus Christus na die aarde toe, het die fisiese volk van Israel as die ou verbondsvolk van God Jesus Christus verwerp. Deur Jesus Christus te verwerp, het Israel hulleself veroordeel en word deur God as sy verbondsvolk verwerp (Matteus 8:11-12). Van die eerste koms van Jesus Christus af is alle mense wat in Jesus Christus glo die nuwe verbondsvolk van God, ongeag of hulle Jode of nie-Jode is nie (Johannes 10:16; Romeine 10:12-13; 2 Korintiërs 6:16; Galasiërs 3:26-28; Efesiërs 2:11-22; Kolossense 3:11-12; 1 Petrus 2:9-10; 1 Johannes 3:4-10). Hulle vorm die Christelike Kerk/Gemeente in die hele wêreld. Alle voorregte van die koninkryk van God behoort aan hulle!

(3) Die betekenis van die vrugte van die Koninkryk voortbring.

In Matteus 3:7-12, toe Johannes die Doper die boodskap van die Koninkryk verkondig het, het hy gesê: “Dra liever vrugte wat bewys dat julle bekeer is”.

Bring dan vrugte voort in ooreenstemming met die bekering. ... Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.” Nét mense wat met die Heilige Gees gedoop is (d.w.s., wedergebore is deur die Heilige Gees), sal bymekaar gemaak word as gerwe in sy skuur. Alle ander mense sal soos kaf met onuitblusbare vuur verbrand word.

Die uitdrukking “goeie vrugte voortbring” verwys nie na godsdienstige verpligtinge (bv. soveel keer per dag bid, soveel keer vas, soveel geld gee, soveel pelgrimsreise onderneem, ens.) of goeie werke wat in eie krag gedoen word nie, maar verwys na die goeie werke wat die Heilige Gees in hulle voortbring (Matteus 3:8; Johannes 15:16; Galasiërs 5:22-23; Kolossense 1:6).

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die boere en die wingerd” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Deuteronomium 8, 9, 10 en 11**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. **Repeteer elke dag die serie I. “Die Koninkryk van God”.** (1) Ingaan in die Koninkryk. Johannes 3:3,5, (2) Verwelkom kinders in die Koninkryk. Lukas 18:16-17, (3) Verkondig die evangelie van die Koninkryk. Matteus 24:14, (4) Moenie omkyk in die diens in die Koninkryk nie. Lukas 9:62, (5) Die triomf van die Koninkryk. Daniël 2:44.11
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 2:1-16.** Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.